

Bron Hendriksen, W. 1981 NTC Colossians p.78-86

Sing: Ps 81:1;1,12 “Laat ons nou die Heer wat sy volk verbly het, deur sy sterkte eer!”

Kol 1:19-22

19) God het besluit om met sy volle wese in Hom (*Jesus Christus op aarde*) te woon

20) en om deur Hom alles met Homself te versoen....

deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself **versoen**.

22) Maar nou het Hy ook julle met Homself **versoen ... “**

Intimititeit is ‘n baie gelade woord. Geestelike intimititeit is om ten diepste jou binneste wese en gedagtes met mekaar te deel. Geestelike intimititeit is om, die nabyheid, die vertroue, die omgee, die liefde van iemand te beleef en te ervaar. Geestelike intimititeit is om met iemand jou oopregte eerlike emosies, gedagtes en dade te kan deel. Geestelike intimititeit kan net bestaan waar daar werklik ‘n oopregte eerlike, oop verhouding tussen mense is. Wanneer jy jou innerlike, persoonlike, vertroulike binneste met iemand deel, sal dit iemand wees by wie jy veilig voel, wie jy vertrou, by wie jy graag wil wees, by wie jy gemaklik voel om van jouself te gee, oop is om na te luister. Ons beleef dit gewoonlik met jou man of vrou.

Intimititeit met God!

Intimititeit met God vind ons in die Skrif en nie in menslike wysheid nie. God het eerstens met die mens in ‘n intieme verhouding getree omdat God ons geskape het, gemaak het, alles van ons weet, alwetend is en omdat Hy ons liefhet. God het ons geskape en in Sy groot liefde het Hy ons met Homself versoen deur Jesus Christus. Intimititeit met God begin dus by God wat in so ‘n intieme verhouding met ons wil verkeer, dat Hy ons volkome met Homself versoen het.

Versoening is dat God die vrede en harmonie herstel het tussen Hom en die verloste sondaar, deur Jesus Christus se kruisdood.

Paulus beklemtoon dat God ten volle in Christus woning gemaak het, nl. dat Hy in die hele Christusgebeure – menswording, dood, opstanding en verheerliking – teenwoordig was. Jesus Christus wat self God is, maar ook volkome mens geword het. God was intiem persoonlik by sy Seun Jesus Christus, deur in Hom te bly en te woon gedurende sy hele lewe op aarde, buiten aan die kruis toe Jesus **die vierde kruiswoord** gevuer het: **Mat 27:45,46** “My, God, My God, waarom het U my verlaat?” Maar selfs toe kon Jesus nie sy taak volbring as Hy nie self God was nie.

Daarom moet intimititeit met God nooit verstaan word asof ons met emosionele, van ons kant gedrewe programme en kursusse, op ‘n spirituele vlak al meer en meer intiem met God moet verkeer nie. Intimititeit met God het vir ons werklikheid geword aan die kruis. “Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy (*God*) die vrede herstel....” Kol 1:20

- Jy kan nie met God ‘**n intieme verhouding hê**, as jy nie in Hom glo nie.
- Jy kan net met God ‘**n intieme verhouding hê**, vanuit jou verhouding met Jesus Christus.

Amen (ds. Gerrit Kruger. 0829645595)